HOËRSKOOL WATERKLOOF

SPORT
TENNIS

Tennis by Hoërskool Waterkloof bied vir elke tennisspeler ‘n plek - by spanoefeninge en die Future Klofies-program. Kloof is die plek vir spelers wat tennis as ‘n loopbaan najaag of ‘n afrigter wil word.

DOELWITTE

Om die toptennisskool in Suid-Afrika te wees; om 19 ligaspanne in te skryf, om ‘n gesonde tennisomgewing vir alle spelers te skep en om standvastige norme en waardes wat reeds in plek is, toe te pas.

AFRIGTING

Gerrie Dippenaar, ‘n nasionale TSA Vlak III-afrigter, is die hoofafrigter by die skool.

NAVRAE

Alexandra Dreyer
Direkteur: Tennis
alexandra.dreyer@klofies.co.za

KOSTES

Kondisionering by die Sportwetenskapdepartement van die skool, spanoefeninge en ontwikkelingsoefeninge is gratis. Daar is egter koste aan die privaatafrigting verbonde.

DEELNAME

Hoërskool Waterkloof se tennisspelers neem jaarliks aan die volgende toernooie en kampioenskappe deel:

- Gauteng-Noord o.19- en o.15-kampioenskap
- Hoërskool Waterkloof Tenniskampioenskap
- Paarl Gimnasium Gerrie Berner Dogterstennistoernooi
- Gerrie Berner-toernooi vir seuns by Paul Roos Gimnasium
- Sun City Tennistoernooi
- Amanda Coetzer-toernooi vir dogters in Bloemfontein
- o.15-Toernooi vir dogters
- o.15-Toernooi vir seuns
- Bethlehem-toernooi vir seuns en dogters
- Absolut Menlo-toernooi
- Grey-toernooi vir seuns en Eunice-toernooi vir die dogters in Bloemfontein

SPESIALE VEREISTES

‘n Passie en liefde vir tennis en spanmaats is ‘n groot vereiste.

OEFENTYE

Tennisspanne van Hoërskool Waterkloof:
A-spanne – Woensdag- en Vrydagoggende vanaf 06:00 tot 07:00
B- en C-spanne – Dinsdae vanaf 14:30 tot 15:30
C- en D-spanne – Donderdae 14:30 tot 15:30
Ontwikkelingsoefening – Maandae 14:30 tot 15:30
Privaatafrigting by die Gerrie Dippenaar Tennisakademie vind vanaf Maandae tot Saterdae, asook tydens vakansiekampe en toernooi plaas.

#grensloos